# ONS NUUSBRIEF

## GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

23 AUGUSTUS 2026 Nr 34


| | | | |
|---|---|---|---|
| Predikant: | *Ds Kobus Botha* 051 436 2930/082 410 7447 | Skriba/ Koster: | *Pieter du Plessis* 082 570 1804 |
| Orrelis: | *Louri Coetzee* 083 776 6989 | Kerkkantoor: | 051 436 2932/082 570 1804 |
| | | Kantoorure: | Per afspraak |
| Diakonie: | Voorsitter: *Muller Heyns* 072 469 7778 | Posadres: | Posbus 28182, DANHOF 9310 |
| | | E-posadres | kantoor@gkbfnnoord.co.za |
| Susters: | Voorsitter: *Ester Botha* 072 784 9451 | Webwerf: | www.gkbfnnoord.co.za |
| | | Facebook: | https://web.facebook.com/gkbfnnoord |
| Katkisasie: | *Karien van Rooyen* 079 888 8910 | Kassier: | *Mariza Mosca* 082 405 8565 |
| Lesotho Uitreik/ Evangelisasie: | *Kerkkantoor* 082 570 1804 | Kerk: | ABSA (632005) Tjekrek no 1570 340 065 |
| | | Diakonie: | ABSA (632005) Tjekrek no 0470 280 026 |
| Zapper-kode vir kerklike bydraes: | | Sustershulpdiens: | ABSA (632005) Tjekrek no 0470 341 769 |


**VERJAARSDAE**

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

| | | | |
|---|---|---|---|
| 23 Aug: Jarraine Venter | 083 780 7299 | 27 Aug: JF Janse van Rensburg | 082 335 5124 |
| 24 Aug: Diak Jacques Jonker | 082 925 1620 | 27 Aug: Br Tobie Myburgh | 082 301 4222 |
| 24 Aug: Kelly Blair | 084 575 5015 | 27 Aug: Sr Trudie Venter | 079 989 9833 |
| 24 Aug: Sr Marietjie Kruger | 082 595 2929 | 28 Aug: Sr Estelle Sans | 082 770 6636 |
| 25 Aug: Sr Steph-Mari Swanepoel | 073 584 7700 | 28 Aug: Br HS van der Walt | 082 300 9085 |
| 25 Aug: Sr Taryn Webster | 072 504 2518 | 28 Aug: Liané van der Walt | 072 592 6666 |
| 26 Aug: Martin Heyns | 072 469 7778 | 28 Aug: Sr Marné Opperman | 082 567 2804 |
| 26 Aug: Sr Titia Engelbrecht | 084 206 9027 | 28 Aug: Sr Nerina Venter | 073 706 1291 |

## KATKISASIE EN TEEBEDIENING

Terwyl die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskool-kinders en die Gr 8 leerders aan die gang is, sal daar weer teebediening in die *Wikus Vorster Saal* wees waarheen almal van harte uitgenooi word. Wyk ***Rayton*** en wyk ***Serenitas*** het beurte geruil en sal ***Serenitas*** hierdie Sondag teeskink. ***Rayton*** sal DV die 6de September aan die beurt kom. Ons bedank byvoorbaat diegene wat daarmee behulpsaam gaan wees. Volgende Sondag sal wyk ***Santé*** aan die beurt kom.

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die deurkollekte bestem is vir die ***Kerkblad.***

## BELYDENISKLAS

Die jongmense wat vanjaar in die Belydenisklas is, word DV Woensdag, 26 Augustus 2026, deur ‘n kommissie van die kerkraad ondervra met die oog daarop dat hulle Belydenis van hulle geloof op DV 13 September 2026 gaan aflê. Dit is die voltooiing van elf (selfs twaalf) jaar se katkisasie-onderrig deur verskeie leerkragte. Nie alleen het hierdie jongmense volwassenheid bereik nie, maar het hulle ook deur die krag van die Heilige Gees gegroei in hulle Christelike geloof! Ons bedank graag al die leerkragte, in besonder vir ds Kobus, wat die laaste paar jaar saam met hulle hierdie pad geloop het. Seën en voorspoed word almal toegebid!

## HARTLIK GELUK AAN...

***Diak Henda van der Linde*** wat aangestel is as Hoof van Dr Böhmerskool. Dit is ‘n uitsonderlike en welverdiende prestasie en ons wens haar alles van die beste toe! Mag sy die seën, genade, krag, insig en wysheid van die Here ontvang om hierdie verantwoordelike taak tot Sy eer uit te voer!

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

*Beroepe ontvang*:

- Proponent Petrus Malindi na GK Phiritona (Heilbron).
- Ds MD (Dirk) Meijer van GK Bloemburg na GK Meyerton.
- Proponent Thina Nthangeni na GK De Hoop (Limpopo).
- Ds R (Ruan) Steyn van Gereformeerde Gemeenskapskerk Oshakati na GK Venterstad.

*Beroep aanvaar:*

- Proponent Thina Nthangeni na GK De Hoop (Limpopo).

## BELANGRIKE DATUMS IN DIE DERDE KWARTAAL

| | |
|---|---|
| Woensdag ***26 Augustus*** | Ondervraging van Belydenisklas |
| Sondag ***06 September*** | Ouderlinge en Diakonie vergaderings |
| Saterdag ***12 September*** | Potte & Spitte Dag |
| Sondag ***13 September*** | Voorbereidingsdiens |
| | Belydenisaflegging en gesellligheid |
| Sondag ***20 September*** | NAGMAAL en Gemeente-ete |
| Woensdag ***23 September*** | Skole sluit |

## GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**<u>Gemeentebou aksies:</u>**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
   a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
   a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.

6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
   a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
   b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

### *Pitkos:*

*Titus 3 vers 5: Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee.*

Dit is duidelik dat God ons red uit genade en nie op grond van ons werke nie. God het Jesus aan die kruis laat sterf om vir ons sondes te betaal en die Heilige Gees gestuur om ons te lei. Hy het dit gedoen uit liefde vir ons.

## DS. RODNEY VAN WYK TREE UIT AS HUB BY BYBELGENOOTSKAP VAN SA

Na byna 35 jaar van getroue diens, sal Ds. Rodney van Wyk sy ampstermyn as Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) van die Bybelgenootskap aan die einde van Augustus 2026 afsluit.

Ds. Van Wyk se reis met die Bybelgenootskap strek oor dekades en baie rolle. Hy het 11 jaar lank op die Raad van Direkteure gedien, insluitend as Voorsitter van 2013 tot 2018.

In 2022 het hy weer vorentoe getree, eers as Interim HUB en later as HUB, en die organisasie deur 'n betekenisvolle seisoen van hernuwing en stabiliteit gelei.

Ds. Van Wyk is ook die predikant van GK Grassy Park vanaf 1984.

# DIAKONIE
## HELP MET
# *VERVOER*

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

## KLERE DONASIES

**Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.**

BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

**Enige navrae:**
**Elize Heyns 082 868 1620**

### LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Levitikus 10:1-3 en 16:1-13
Teks : Levitikus 16:12,13
Sang : Lb 476:1,4
: Ps 149:1,2,4
: Sb 9-3:1,2
: Ps 89:3,6
: Sb 18-7:1,9,12

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in sy hemelse koninkryk bring. Aan Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid.

2 Timoteus 4:18







- **GKV Hulpfonds ABSA Spaar 906 446 3273 Kode 632005**
- **https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum**

https://www.facebook.com/share/1BhxAtkuJ2/?mibextid=wwXIfr



Kuier
Gemeenskap
Lekker wees!

# Gereformeerde Kerk BLOEMFONTEIN-NOORD

# Kamp 2026

**RIVER OF JOY**
(20km buite Bloemfontein)

## 9–11 OKT. 2026

## AKKOMMODASIE & TARIEWE

**Eenheid 4:**
Dubbele eenheid @ **R890**

**Eenheid 5:**
Gesinskamer (4 in een kamer) @ **R1050**

**Eenhede 2, 3, 8:**
Gesins-eenhede (4 in twee kamers) @ **R1150**

**Eenhede 6 & 7:**
10-bed @ **R1850**
**OF Slegs Eenheid 7:**
Dubbele eenheid @ **R890**

**Eenheid 1:**
7-slaapkamer @ **R1750**

## KAMPERING

- Kampering @ **R380**/staanplek/nag ing. eerste 2 persone
- + **R100**/ekstra volwassene
- + **R60**/ekstra per skoolkind
- Maks. 6 persone per *staanplek*
- Pensioenarisse @ **R330** vir twee

## DAGBESOEKERS

- **R80**/volwassene
- **R40**/skoolkind

## Baie pret vir die kinders!

Speletjies
Natuurlik ons dominee-vasvra!

**Almal welkom!**
Dagbesoekers vir die Saterdag ook welkom.

## ETES

- **Vrydagaand:**
  Bring en braai – bykosse word verskaf
- **Saterdag brunch:**
  Nacho's word verskaf
- **Saterdag laatmiddag – aand:**
  Braai (alles word verskaf)

*Bring snacks, drinkgoed en alle tipe persoonlikhede!*

*Kom braai en kuier saam en leer ken medegelowiges!*

*Skenkings van bykosse, pryse ens. sal verwelkom word!*

*Besprekings: Karien van Rooyen*
079 888 8910




- ***BELOOFDE BYDRAE'S EN DONASIES MOET ASSEBLIEF SO SPOEDIG MOONTLIK GEMAAK WORD.***
- ***EIE PIEKNIEKMANDJIES IS ONGELUKKIG NIE MEER MOONTLIK NIE.***

- **POTTE: Oudl Louwrens de Beer by 082 789 6793.**
- **SPITTE: Oudl Hannes van Jaarsveld by 072 436 5915.**
- **BILTONG: Oudl Jaco Kirstein by 082 881 4060.**
- **RYS EN SOUS: Sr Ester Botha by 072 784 9451.**
- **PANNEKOEK: Oudl Mourie van der Bijl by 082 924 8561.**
- **KRUIWAENS:**
  - ***Koskruiwa:* Oudl Gert Jordaan by 076 834 4604.**
  - ***Kombuiskruiwa:* Oudl Erik van Driel by 083 287 1047.**
  - ***Kuierkruiwa:* Oudl Koot Klopper by 082 498 5791.**


HOE KAN EK TOIBO HELP?
LOSLITDAG
Vrydag
4 SEPTEMBER
R20-donasie per plakker
Bestel voor 14 Aug
Casual Day
BEAT AS ONE
Rhythm Matters
NCPD
Kry jou LOSLITDAGPLAKKER by TOIBO sodat ons talle persone wat met gestremdhede leef, kan help
melon MOBILE
Teken aan by Melon Mobile met promosiekode TOIBO en help ons terwyl JY spaar! www.melonmobile.co.za
#MoveToMelon
SCAN ME
PROJECT CHAT FOR CHILREN
www.toibo.org.za
TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
076 143 6961 info@toibo.org.za


TRADITION &
Innovation
A JOURNEY TO THE BIRTH OF THE
FRENCH ORGAN SYMPHONY
ALEXANDRE GUILMANT
CÉSAR FRANCK
CHARLES-MARIE WIDOR
LOURI COETZEE
ORGAN
23 AUGUST
16:00
DUTCH REFORMED CHURCH BFN-WEST
R100
César Franck CONSORT
CFCONSORT.COM
"Great musical traditions are seldom shaped by a single individual.
They are born within communities of artists,
nurtured through friendship and collaboration,
and entrusted from one generation to the next."